

ORGANIESE? BIOLOGIESE? NATUURLIKE BOERDERY?

Deur N T Snyman B.Sc. Agric (Agron.)

ARTIKEL 3:

VERBETERING VAN GRONDBIOLOGIE

Omdat hierdie komplekse spektrum bestaan, help dit nie om enkel bestanddele mikro-organismes toe te dien nie, bv. gestel iemand begin 'n wildboerdery gaan hy nie 'n ekologiese balans handhaaf as hy nie verskillende grasvreters, verskillende bosvreters, verskillende predatore vestig nie en nie elke jaar die plaas brand nie. So bv. neem die rotte oor as die jakkalse en muskeljaatkatte doodgemaak word om die klein bokkies te beskerm.

'n Hele grond-mikro-organisme kompleks moet dus bekom word om toe te dien. Dit kan verkry word deur 'n plek te soek waar gesonde grond voorkom, die boonste 10cm grond en organiese materiaal te verwyder (soos waar 15 jaar nooit gewerk is of nooit gebrand is nie) en dit met organiese materiaal te meng en aan die uitgeputte grond toe te dien. Ons kan hierdie mikro-organismes aldus verkry en dus as saad gebruik om grond mee te ent.

Hierdie mikro-organismes en organiese materiaal wat hulle kos is, moet ingemeng word in die boonste 200mm grond. (Organiese materiaal kan enigiets wees soos oesreste, mis, hoenderkuiken slaapgoed, maar nie kompos nie).

'n Maklike oplossing is om 'n volledige grond mikro-organisme spoormengsel in vloeistofvorm teen 'n baie redelike prys by 'n biobank aan te koop en dit direk met organiese materiaal gemeng in die grond bolaag in te meng.

BIOBANK

So 'n bio-bank, saamgestel deur Dr Pieter Cloete, word deur Andre van Rensburg bedryf. Tel 0824315065

Hierdie mikro-organisme mengsels is lewendig en moet nie in die son staan of met hoëdruk pompe toegedien word nie.

DIEP VOEDING VAN PLANTE

Dr Cloete het na baie navorsingswerk met boorde van appels, sitrus, veselperskes, perskes tot piesangs, ontdek dat bome en plante baie dieper voed as wat die hoogstens 400mm suurstofgedeelte van grond behels. Hierdie ontdekking wat die Nobelprys in Landbou verdien, is dat die

belangrikste voedingsbydrae tot plante, dieper as 500mm geleë is deur organismes wat nie in suurstof floreer nie. (Daar is geen lektuur of kundiges wat kennis dra van so 'n anaërobiese lewe wat ondergronds bestaan en plante kan voed nie).

Hierdie diep mikro-organismes wat ter sprake is, word ook beskikbaar gestel deur die bio-bank van André van Rensburg (**en kan net met 'n laag organiese materiaal direk diep in die grond, 500mm tot 800mm diep (begrawe word onder die plant-ry, wat dan dadelik geplant kan word.**

Ek het die laaste ses jaar op mielies gewerk en my gevolgtrekkings gebaseer op goeie waarnemings maar akademies is dit nie bevestig nie. Ek sal dus baie bly wees as iemand my kan reghelp met waar ek verkeerd is. Ek kan nog nie die LNR en ander instansies sover kry om navorsing op hierdie aspek te doen nie.

Dit is vir my duidelik dat die diepvoeding aspek by mielies meer as 50% van die opbrengs kan bydra. Opbrengste van 25 ton/ha onder besproeiing is maklik met die moderne basters wat beskikbaar is. Dit moet egter met kompos en diep hoendermis met die bio-organismes geskied in albei gevalle omdat moderne bastermielies nie met humus kan groei nie. Die ou oopbestuifde basters groei uitstekend op humus en diep voeding maar het nie so 'n hoë opbrengspotensiaal nie.

In die lig van bogenoemde feite, is dit duidelik dat daar nie die regte masjinerie bestaan om sodanige boerdery kommersieel te bedryf nie. Op klein en proefperseelbasis word ongelooflike resultate verkry met beide die metodes, vlak en diep.

WAARGENOME EFFEKTE VAN GESONDE GROND

1. Hoë opbrengste word verkry – 25 ton mielies en meer /Ha op besproeiing.
2. Indien 'n plant volledig gevoed word is plantsiektes minimaal of verdwyn heeltemal bv. Grys blaarvlek, en rysmiere.
3. Sommige hooggeteelde kultivars kan nie sonder chemiese voeding groei nie en het die vermoë verloor om op humus te voed. Saad moet dus eers getoets word.
4. Laer-orde plante wil nie groei nie – voed waarskynlik chemies bv. Kool, rape, beet, ephorbias, brassicas, bossies, bv. kakiebos, wandelende jood.
5. Onkruid druk verdwyn feitlik, dws. hoe meer onkruid op die land hoe meer is die grond biologies verniel.
6. Wanneer humus geproduseer kan word uit droë veld-gras of mieliestronke binne twee maande sonder toediening van mikro-organismes is die grondbiologie volledig herstel.

7. Andre van Rensburg se aërobiese kommersiële mengsel se hoofdoelwit is om humus te produseer en gee die meeste humus met droë veld-gras wat baie sellulose en lignien bevat.



Swartvlekkie in bo grond is lae kompos en diep swart kol met wortels in is 'n laag hoendermis en anaerobiese bakterie op 70 Cm



Bietjie hael en voël skade

Hierdie artikels moet opgevolg word met 'n foto artikel en onderhoude met boere wat die grond-mikro-organismes se effek op beeste en wild behandel.

Die kontak persoon hier is André van Rensburg
Naby Naboomspruit: Tel 082 431 5065